# VRAE NA DIE SIN VAN DIE WERKLIKHEID MET VERWYSING NA DIE AGOGIESE

P.G. Schoeman

Fakulteit Opvoedkunde, UOVS, Bloemfontein

ABSTRACT

QUESTIONS ABOUT REALITY WITH SPECIAL REFERENCE TO THE AGOGICAL

Reflection on the meaning of reality and man's existence is peculiar to human beings and virtually as old as man himself. This problem has been addressed in the works of philosophers through the ages, and was brought to a head during the twentieth century by exponents of the extentialist philosophy. It is also of relevance for the educationist. This article is an attempt to elucidate this problem and its bearing on education against the background of the Scriptural basic motive of creation, fall and redemption and the Christian cosmonomic idea which is the transcendental basic idea of reformational philosophy.

## 1. ORIëNTERENDE OPMERKINGS

Die mens se soeke na die sin van sy bestaan en dié van die werklikheid waarin hy hom bevind, is waarskynlik so oud soos die mensdom self. Vrae na die sin van die bestaan van die mens is op die spits gedryf deur veral eksponente van die sogenaamde eksistensialisme. Ook die vraag na die dieper sin van die opvoeding as die begeleiding van volwassene-wordendes op weg na beskawingsmondigheid, dit wil sê die agogiese in al sy geledinge, is uiteraard in hierdie konteks van belang. Talle opvoedkundiges van uiteenlopende standpunt en oortuiging het hulle al hieroor uitgelaat (vergelyk byvoorbeeld M.J. Langeveld, S. Strasser, W. Luijpen, H. van Praag, S. Ross, C.K. Oberholzer, W.A. Landman, S.J. Gous, J.J. Pienaar, J. Chris Coetzee, J.H. van Wyk, J.L. van der Walt, om maar enkeles te noem), en telkens val die op hoe intiem hierdie vraagstelling en die gevolgtrekkings waartoe gekom word, verweef is met, inderdaad gerig en gestuur word deur bepaalde apriorieë van

voor-wetenskaplike aard. Wat verderaan volg, is 'n poging om - teen die agtergrond van die Christelik-reformatoriese denke - 'n bydrae te lewer tot die onderhawige diskussie.

## 2. TRANSENDENTE EN TRANSENDENTALE VOORWAARDES VIR BESINNING OOR DIE SIN-VRAAG

Op grond van die Christelike grondmotief van skepping, sondeval en verlossing, asook die Skriftuurlik gefundeerde wetsidee waarmee in die Christelik-reformatoriese denke gewerk word, gaan die beoefenaar van die agogiese wetenskappe op Christelik-reformatoriese grondslag uit van die standpunt dat die wesensaard van die agogiese, net soos dié van die ganse geskape werklikheid, vanweë - en in ooreenstemming met die afhanklike en onselfgenoegsame karakter daarvan, ten diepste sin is (vergelyk Dooyeweerd, 1953:4, 79; 1955:30-36; 1957:66-67, veral 68ff, 108). Dit bestaan uit, deur en tot 'n oorsprong wat as wet-gewer alle sin oorstyg en self nie meer op 'n hoër oorsprong betrokke kan wees nie (Dooyeweerd, 1953:4, 9, 100). Teen die agtergrond van hierdie sin-idee word dit dan die opgawe van die teoretikus wat die agogiese werklikheid as sy wetensgebied gekies het, om wetenskaplike insig te verskaf in die intermodale gestruktureerdheid van agogiese verskynsels wat in gehoorsaamheid aan die gestelde normatiewe struktuurvoorwaardes daarvan in die tyd kenbaar is. Vanweë genoemde Christelike sin-idee, sal tydens die beoefening van die onderhawige vakwetenskap op reformatoriese grondslag dan ook besondere rekenskap gegee moet word van die feit dat hierdie intermodale samehang van aspekte waarin agogiese verskynsels tot uitdrukking kan kom, wesenlik 'n sin-samehang is wat bo sigself heenwys na 'n sin-totaliteit wat in terme van die reformatoriese wetsidee die religieuse sin-volheid uitmaak, soos dit beliggaam is in Christus, die nuwe Wortel van die skepping (vergelyk Dooyeweerd, 1955:25). Hierdie religieuse sin-volheid is essensieel geheel en al onselfgenoegsaam van aard, en word opgevat as die "meaning-ground of all created existence" (Dooyeweerd, 1955:25). Voorgaande beteken dat ook die agogiese werklikheid nooit as substansie, dit wil sê as selfgenoegsaam opgevat word nie. Inteendeel, die vakwetenskaplike wat in die reformatoriese c ktradisie oor die agogiese besin, aanvaar sonder voorbehoud "that the real value of every creature is implied in its

meaning-character, not in a supposed 'being in itself'" (Dooyweeerd, 1957:74; vergelyk ook 107-109; Van Riessen, 1970:167.)

Die feit dat die agogiese werklikheid dan opgevat word as deel van 'n **onselfgenoegsame, sin-volle skepping**, beteken dat dit steeds gesien word in sy totale afhanklikheid van en betrokkenheid op God (vergelyk Strauss, 1978:30). Die agogiese is met ander woorde 'n verskynsel wat uit en uit onderworpe is aan die God-gestelde norme (skeppingsordinansies) wat daarvoor geld. Dit is, as sodanig, begrepe binne die "bo-sigselfuitwysende bestaanswyse" daarvan, 'n begrip wat Strauss kernagtig saamtrek in die term **sin-karakter** (vergelyk 1978:30).

Voortspruitend uit die Christelike transendentale grondidee aangaande die relatiewe aard van alle sin, die onwegdinkbare feit dat sin nooit selfgenoegsaamheid oftewel substansie kan impliseer nie, hou hierdie sin-idee, as aprioriese vooronderstelling van die reformatoriese opvoedkunde, uiteraard implikasies van radikale aard in vir die teoreties-logiese ontwaring van alle fasette van die agogiese werklikheid. Soos alle ander skepsele is ook die agogiese, kragtens sy sin-karakter, in Strauss se woorde "gerelateer aan en daarmee gerelativeer tot God se wil vir sy skepping" (vergelyk Strauss, 1978:331; vergelyk ook Van Riessen, 1970:167). Dit beteken dat die relatiwiteit en betreklikheid daarvan tegelykertyd geopenbaar word in die wyse waarop die agogiese op onverbreeklike wyse met alle ander dinge saamhang, dit wil sê in die totale afhanklikheid en absolute onselfgenoegsaamheid daarvan. Gevolglik erken die beoefenaar van die agogiese wetenskappe op reformatoriese grondslag dan onomwonde die algehele afhanklikheid van sy teoreties-logiese denkarbeid van, asook sy gerigtheid tydens hierdie denkwerksaamheid op die ware Oorsprong van die geskapene. Hy vermoed - in die lig van sy vooronderstellings - dat die ignorering of selfs ontkenning van hierdie beginsels die wetenskaplike perspektiewe van denkers in hierdie verband radikaal sal beperk aangesien dit in feite daarop neerkom dat die oorsprong, die vaste grond vir wetenskapsbeoefening vanuit die staanspoor immanent, dit wil sê binne die geskape werklikheid, binne die terrein van sin sélf gesoek word. En sodra dit gebeur, is die teoretikus wat oor die sin van die apogiese nadink, in beginsel afgesny van 'n toereikende totaalperspektief in terme waarvan, in Spier (1951:185) se woorde, die "waarheid in wijdere zin" aan die lig kan tree.

Omdat die sin van die agogiese nie in sigself rus nie, maar bo en buite sigself heenwys na 'n oorsprong wat, as oorsprong van alle sin, bo alle sin verhewe moet wees, bly die sin van die agogiese, sowel as die teoreties-logiese verrekening daarvan gevolglik steeds beperk tot die relatiewe, die geskapene. Sou die teoretikus derhalwe enige één, of enige aantal van sy tydelike menslike funksies (soos byvoorbeeld sensoriese waarneming of analitiese vermoë) opvat as selfgenoegsaam, asof dit/hulle onafhanklik van enige bepaaldheid van buite sou kon funksioneer, dan word dergelike vermeend outonome menslike funksie(s) uiteraard verhef tot die apriori-grondslag van die kenbare agogiese werklikheid. En sodra die wetenskaplike denke aangeland het by so 'n vermeende oorsprong, word daarmee dan ook die hele vraag na die sin van menslike kennis sonder meer opgeskort, aangesien die oorsprong van sin, soos hierbo gesien, uit die aard van die saak alle sin te bowe móét gaan. In dergelike gevalle ontleen die kenbare agogiese werklikheid dan foutiewelik al sy sin en betekenis aan 'n vermeend outonome apriori-struktuur van die logiese funksie van die mens. Enige poging om die rol van die logiese funksie van die mens tydens sy teoretiese verrekening van die agogiese dermate uit te brei dat dit tot vermeende oorsprong van alles verhef word, is dan in wese niks anders nie as 'n teoretiese opskorting van die oerverhouding tussen Wetgewer en wetsonderdaan, tussen wet en subjek (bowe- en onderskikking), asook subjekte onderling (neweskikking).

## 3. SIN EN SUBSTANSIE

Op grond van sy besondere apriori-opvattinge aangaande die verhouding tussen Wetgewer en wetsonderdaan, beskou die beoefenaar van die agogiese wetenskappe op Christelik-reformatoriese grondslag - soos hierbo sydelings aangemerk - sin as niks minder nie as die universele bestaanswyse van die agogiese, wat in sy sin-volheid heenwys na sy Skepper buite om Wie dit in niksheid sou wegsink (vergelyk Strauss, 1978:30). Hierdie opvatting, naamlik dat die agogiese wesentlik sin is, beteken dat dit in terme van die Christelik-reformatoriese benadering nóóit as bloot sin-hebbend opgevat word nie (vergelyk Dooyweerd, 1955:30-31. 32; 1957:68-74; vergelyk egter Oberholzer, 1968:95, 96, 395-424). Immers, omdat die beoefenaar van die Christelik-reformatoriese opvoedkunde op grond van die voor-teoretiese (transendente) en teoretiese (transendentale) vooronderstellings wat ten grondslag lê aan

sy wetenskaplike uitleg van die agogiese daarin slaag om duidelik te kan onderskei tussen sin en syn, is dit vir hom in beginsel moontlik om te besef dat die besondere eie-aard wat die agogiese vertoon hoegenaamd nie te wyte is aan die (vermeende) bestaan daarvan as substansie, met ander woorde as onafhanklik, selfstandig, selfgenoegsaam, outonoom, an sich nie. Inderdaad, sin en substansie skakel mekaar in beginsel uit, want niks kan uit, deur en tot 'n oorsprong (dit wil sê in totale afhanklikheid) geskape wees en in afhanklike wedersydse betrokkenheid op ander geskape dinge bestaan, dog terselfdertyd selfgenoegsaam, dit wil sê onafhanklik van die oorsprong en die res van die geskape werklikheid wees nie (vergelyk Strauss, 1978:31). In die lig van wat pas hierbo aangemerk is, word die uitsluitlike bestaanswyse van die agogiese opgevat as sin-syn; nie as sin-hebbend nie, maar as sin-vol (Dooyeweerd, 1957:108, ook 74).

Die gangbare sin-beskouing van talle denkers wat oor die agogiese werklikheid besin en wat byna sonder uitsondering van 'n substansiebegrip (vergelyk Dooyeweerd, 1957:72, 73) uitgaan en meen dat die agogiese werklikheid sin-hebbend is, is in alle opsigte in stryd met die verklaarde standpunt van die reformatoriese denker in hierdie verband, naamlik dat die Skepper die enigste absolute Soewerein is en dat die sinvolheid van die agogiese in Christus saamgetrek is. Die idee dat die agogiese sinhebbend is, is ook opsigtelik self geheel en al apriories en gevolglik ook uiters gekompromitteerd van aard. In dergelike gevalle word gewerk met 'n substansiebegrip omdat van die vooronderstelling uitgegaan word dat sowel die mens se redefunksie as die opvoedingsverskynsel in al sy geledinge an sich, dit wil sê geheel en al outonoom is.

In teenstelling hiermee word die agogiese in die reformatoriese denke gesien as bo sigself heenwysend, en derhalwe onmagtig om in sigself tot rus te kom. Die implikasie hiervan is dat geen begrip van sowel die modale aspekte waarin die agogiese tot uitdrukking kom, as konkrete agogiese verskynsels self hoegenaamd moontlik is buite om hulle sin-syn as deel van 'n geskape en gevolglik onselfgenoegsame werklikheid wat heenwys na 'n tydelike samehang met alle ander verskynsels (waarbuite dit nie bedinkbaar is nie); na 'n religieuse wortel-eenheid (waarbuite dit geen sin en bygevolg ook geen eksistensie sou gehad het nie) (vergelyk

Dooyeweerd, 1957:108); en uiteindelik na 'n **Oorsprong** (wat dit in aansyn geroep het).

4. SIN EN OORSPRONG

In die lig van die transendentale grondidee waarmee in die reformatoriese opvoedkunde gewerk word, word van die standpunt uitgegaan dat dit nie - soos gepostuleer word deur eksponente van die immanensie-benadering tot die wetenskapsbeoefening - moontlik is om oor die ware sin van die agogiese te praat sonder om metterdaad ook die teoretiese aandag te rig op die ware Oorsprong en ware totaliteit (respektiewelik eenheid) van alle sin nie (vergelyk Dooyeweerd, 1955:25-30). Die rede hiervoor is naamlik dat enige besinning oor sin as sodanig moet geskied teen die agtergrond van 'n besondere wetsidee. Inderdaad, soos gesien, kan geen tydelike sin-struktuur ooit in selfgenoegsaamheid bestaan nie, en lê dit wat die eksistensie van dinge sinvol maak, buite die grense van die kosmiese tyd. Gevolglik word sin - ook in die reformatoriese besinning oor die agogiese - opgevat as "'ex origine' the convergence of all temporal aspects of existence into one supertemporal focus, and this focus ... is the religious root of creation, which has meaning and hence existence only by virtue of the sovereign creative act of God" (Dooyeweerd, 1955:30). Hierdie sinvolheid, ook van die agogiese, word dan saamgetrek en is inderdaad geïmpliseer in die religieuse beeld van God soos dit tot uitdrukking kom in die religieuse wortel van die kosmos en wat, in Christus as die nuwe Wortel daarvan, nooit op te vat is as **eidos** of **Idea** nie, maar inderdaad dui op die volheid van die geskape werklikheid wat op die Skepper van alle dinge ingestel is (Dooyeweerd, 1955:30).

In die onderhawige verband is dit voorts nodig om oorweging aan die volgende te skenk: teen die agtergrond van die Skriftuurlike religieuse grondmotief wat die voorwetenskaplike voorwaarde van die reformatoriese besinning rondom die agogiese konstitueer, ontvou 'n verdere dimensie van hierdie besondere perspektief op die sin van die agogiese werklikheid. Soos hierbo gesien, is Christus, in soverre dit sy menswording betref, vir die reformatoriese denker die **sin-totaliteit** of **sin-volheid** van alle dinge, en so ook van die agogiese. Hy is, in Dooyeweerd se woorde, die "creaturely Ground of the meaning of all temporal reality" (1955:32).

Vanweë die apostase gaan die werklikheid egter gebuk onder die vloek van die sonde en bestaan daar gevolglik 'n radikale antitese aan die subjeksy van hierdie wortel van die geskape werklikheid. En alhoewel hierdie antitese deur die verdienste van die Christus van God versoen is, bly die bestaande bedeling nog steeds uiteengeskeur tussen die Lig en die duisternis. Die apostase, as die "weg-val" van die skepsel van sy ware Oorsprong, is van kosmiese omvang en tref die bestaande werklikheid radikaal, dit wil sê nie net in sy religieuse wortel nie, maar juis ook in sy tydelike sin-syn, sodat daar inderdaad enersyds sprake kan wees van sinvolheid as gehoorsaamheid onder die wet, en andersyds van sin-loosheid, as opstand teen die wet.

Gesien die opvatting dat sin ten diepste ekwivalent is aan gehoorsaamheid aan Godgestelde wette/norme, is die vraag wat uit voorafgaande verrys, en wat die beoefening van die agogiese wetenskappe ten diepste raak, dié of die afvallige werklikheid nog enigsins as sin (-vol) opgevat kán word? (vergelyk Van Riessen, 1970:167). Die verheldering van hierdie problematiek lê opsigtelik buite die bevoegdheidsfeer van die teoretiese denke, en in hierdie verband moet teruggegryp word na die Woordopenbaring wat die grondslag vorm van die oortuigingsraamwerk waarbinne die reformatoriese teoretikus sy denkarbeid met betrekking tot die aard van die agogiese wil verrig. Immers, slegs dit wat aangaande sondeval en verlossing dáárin aan die mens geopenbaar is, kan in die onderhawige verband as rigsnoer vir die teoretiese deurskouing van hierdie kernproblematiek dien. Wat hier van deurslaggewende belang is, is die feit dat die sondeval - alhoewel dit die mens en die geskapene grondiglik in die apostase gestort het - op sigself hoegenaamd nie die sin-karakter van die skepping opgeskort of selfs wesenlik aangetas het nie. Die skepping vertoon nog steeds sy sin-karakter in sy totale afhanklik-wees van God (vergelyk Dooyeweerd, 1955:33). Op grond van die behoudende genade van God in Christus word die kosmiese wêreldorde, die sonde ten spyt, onveranderd gehandhaaf, en derhalwe bly die sin-volheid van die skepping behoue.

Vir die beoefenaar van die agogiese wetenskappe op Christelik-reformatoriese grondslag beteken die mens se val in die apostase dan dat hy uit homself nie die ware kreatuurlike grond van alle sin in die afvallige religieuse wortel van die gevalle mensheid kan herken nie, dog slegs in

Christus as nuwe Wortel daarvan (Dooyeweerd, 1955:34). Net soos die mens die sin van die agogiese waarlik kan begryp slegs in Christus, is ook Hy die Waarborg dat niks in die afvallige wêreld verlore sal gaan nie (vergelyk Dooyeweerd, 1955:34). Die implikasie hiervan is dan dat afvallige sin steeds sin bly, en wel omdat dit gekorreleerd staan aan die kreatuurlike bestaanswyse van alle dinge. Om hierdie rede kan byvoorbeeld onopvoedkundige optrede of praktyke (wat die oortreding van agogiese norme impliseer) slegs plaasvind in terme van (sin-volle) opvoedkundige beginsels, net soos wat 'n onlogiese redenasie slegs in terme van logiese norme, verkwisting slegs in terme van ekonomiese norme, styllose optrede slegs in terme van kultuurnorme, wetteloosheid slegs in terme van juridiese norme, onetiese handelinge slegs teen die agtergrond van etiese beginsels plaasvind en so meer. Die sonde, as die wortel van die kwaad, besit geen betekenis (of selfs eksistensie) onafhanklik van die religieuse volheid van die Goddelike wet nie: "All along the line mening remains **the creaturely mode of being under the law** (my beklemtoning) which has been fulfilled by Christ. Even apostate meaning is related to Christ, though in a negative sense; it is nothing apart from Him" (Dooyeweerd, 1955:35).

Soos reeds vroeër genoem, behoort voorgaande perspektiewe opsigtelik tot die terrein van metavrae en kan hulle nie op toereikende wyse slegs langs logies-analitiese weg verwerf of uitgelê word nie. Sou 'n poging ten dien effekte egter aangewend word en word daar oor hierdie grondleggende religieuse waarhede gespekuleer, word die perke van die mens se analitiese vermoë oorskry, word aan die denke selfgenoegsaamheid toegeken, en verloor ook die teoreties-logiese aktiwiteit sy diepste sin. Slegs die mens wat hom - ook ten opsigte van sy logies-analitiese vermoëns - ondergeskik stel aan die Godsopenbaring in Christus, kan sin-vol oor hierdie dinge nadink, want hy erken onomwonde die uiters beperkte aard van sy logiese kenvermoë, die begrensdheid van sy denke.

## 5. SIN EN DIE WETENSKAPLIKE VERREKENING VAN DIE AGOGIESE

Die direkte konsekwensie van hierdie vooronderstelling van die reformatoriese opvoedkunde aangaande die onselfgenoegsame aard van sowel die geskape werklikheid as die menslike kenvermoë, is dat hy steeds noulettend sal waak teen enige vorm van reduksionisme (vergelyk

Dooyeweerd, 1955:36) in sy teoreties-logiese uitleg van die agogiese verskynsel. Immers, indien die werklikheid opgevat word as sin, as deur en deur ondergeskik aan die wette van die Skepper daarvoor, dan is die onverbiddelike eis wat ook aan die teoretiese denke gestel word dat daar tydens die beoefening van die agogiese wetenskappe erns gemaak sal word met die grense en begrensdheid, dit wil sê die relatiewe aard van sowel die menslike kenvermoë as die onderskeie modale aspekte waarin die agogiese sig aan die waarnemer voordoen. Sodra die relatiewe aard van modale aspekte en individualiteitstrukture teoreties opgeskort, en hulle ten onregte beskou word as substansie, dit wil sê as bestaande in volkome selfgenoegsaamheid, word hulle metterdaad van alle sin beroof (vergelyk Dooyeweerd, 1957:139). Die grense waarna hierbo verwys is en wat hulle oorsprong vind in die kosmiese tydsorde, kom tot uitdrukking in die ontiese beginsel van soewereiniteit in eie kring. Enige poging om hierdie modale grense teoreties uit te wis, byvoorbeeld op grond van die vermeende outonomie van die teoretiese denke (respektiewelik menslike rede), is in terme van die Christelike opvatting aangaande die sinkarakter van die werklikheid niks anders nie as 'n aantasting van die religieuse sin-volheid van die skepping. Inderdaad, in die geval van 'n reduksionistiese uitleg van die aard van enige agogiese entiteit, gebeurtenis, handeling, situasie of wat ook al, neem een of ander werklikheidsaspek die plek in van die religieuse sin-volheid wat slegs in Christus te vinde is. Gevolglik is die waarde van 'n Skrifgefundeerde perspektief op die sin van die agogiese dan dat dit die teoretikus in beginsel vrywaar van die versoeking om van hierdie religieuse sin-volheid in Christus vervreemd te raak (vergelyk Dooyeweerd, 1955:36).

Van deurslaggewende belang in die teoreties-logiese verrekening van die agogiese, en in direkte aansluiting by die reformatoriese sin-idee, is die besondere opvatting wat gehuldig word met betrekking tot die sinverskeidenheid wat in die skepping aanwesig is. Die rede waarom 'n helder geartikuleerde siening aangaande die sin-verskeidenheid van die agogiese werklikheid een van die grondvoorwaardes vir 'n toereikende verrekening van hierdie besondere verskynsel is, lê voor die hand: die korrekte vorming van begrippe en oordele hang geheel en al af van 'n akkurate en ondubbelsinnige identifisering van bepaalde sin-sye van die agogiese werklikheid sodat uit hierdie teoreties-logiese

abstraheringsrelasie tot 'n korrekte ekspliseringsaktiwiteit ten opsigte van die agogiese oorgegaan kan word (vergelyk Strauss, 1973:118-126).

Die teoretiese besinning oor die aard van die agogiese werklikheid, die sin-verskeidenheid en -samehang daarvan, word in die geval van die reformatoriese denktradisie onderlê deur die Christelike wetsidee, en ontwikkel gevolglik steeds in 'n transendentale tydsrigting. Dit vind inderdaad eers rus wanneer dit aangeland het by die ware transendentale sin-totaliteit en die oorsprong ook van die agogiese: "The internal unrest of meaning drives it on from anticipatory sphere to anticipatory sphere and so from one anticipatory connection to another. At last we arrive at the transcendental terminal sphere of our cosmos and reflect on the insufficiency of the modal Idea. We then direct our glance to the transendent meaning-totality and the Origin, in which at last our thought finds rest in its religious root" (Dooyeweerd, 1955:284).

Uiteindelik is dit so dat die erkenning deur die opvoedkundige dat hy, in die wetenskaplike verrekening van die agogiese, werk op die grondslag van 'n besondere transendentale grondidee, die onwegdinkbare voorwaarde vir 'n sinvolle verrekening van die standpuntverskeidenheid wat daar onder beoefenaars van die opvoedkunde aanwysbaar is. Indien hierdie meta-dimensie van die agogiese wetenskappe blootgelê is, word dit inderdaad moontlik om kritiek te lewer op 'n veel dieper vlak, en op 'n aansienlik indringender wyse as wat gangbaar die geval is. Omdat die wysbegeerte ( en via hierdie totaliteitswetenskap ook die opvoedkunde as vakwetenskap tesame met sy vakfilosofie) geheel en al afhanklik is van aprioriëe van voor-teoretiese aard, sal die onderhawige teoreties-logiese aktiwiteit nooit tot rus kan kom nie voordat die terrein van aanvanklike vraagstukke agtergelaat is, en die soeke na die Oorsprong (of vermeende oorsprong) wat sin en eksistensie verleen, selfs aan die teoretiese denk-aktiwiteit van die wetenskaplike, begin het nie.

## 6. PERSPEKTIEF

In die lig van voorgaande is dit duidelik dat die sin van die agogiese nóóit uit sigself afgelei kan word nie aangesien enige daadwerklike poging daartoe konsekwent lei tot 'n verabsolutering van die ding-eenheid daarvan, terwyl uit die oog verloor word dat die sin - ook van die

agogiese - gesoek moet word in die kosmiese sin-samehang van alle dinge, asook in hulle gesamentlike heenwysing na die Oorsprong van alle sin.

BIBLIOGRAFIE

DOOYEWEERD, H. 1953. A new critique of theoretical thought. Vol. I. Amsterdam : Paris.

DOOYEWEERD, H. 1955. A new critique of theoretical thought. Vol. II. Amsterdam : Paris.

DOOYEWEERD, H. 1957. A New critique of theoretical thought Vol. III. Amsterdam : Paris.

OBERHOLZER, C.K. 1968. Prolegomena van 'n prinsipiële pedagogiek. Kaapstad : HAUM.

SPIER, J.M. 1951. Calvinisme en existentie-philosophie. Kampen : Kok.

STRAUSS, D.F.M. 1973. Begrip en idee. Assen : van Gorcum.

STRAUSS, D.F.M. 1978. Inleiding tot die kosmologie Bloemfontein : SACUM.

VAN RIESSEN, H. 1970. Wijsbegeerte. Kampen : Kok.